


A.P.J. VAN RENSBURG (opsteller). *Excelsior 1910-1985: 'n gedenkalbum.* Bloemfontein, 1985. 116 pp. Geïll. Prys onvermeld.

Om 'n dorpsgeskiedenis saam te stel, is nooit maklik nie. As dit boonop beteken dat 75 jaar se gebeure binne slegs drie maande nagevors en geboekstaaf moet word, lyk dit na 'n haas onbegonne taak. Terselfdertyd werp dit 'n refleksie op die beplanning van die opdraggewer wat kennelik nie met die aard en omvang van historiese arbeid rekening gehou het nie. Nietemin verdien die skrywer en ander belanghebbendes 'n pluimpie omdat die projek wel aangepak en deurgevoer is.

Dat die keuse geval het op die bekende geskiedskrywer prof. Arrie van Rensburg om hierdie gedenkalbum op te stel, is nie toevallig nie. Hy het hom tevore al aan die skryf van plaaslike geskiedenis gewaag; daarby behoef sy vermoë om indringend te vors, logies te formuleer en vloeiend te vertel geen betoog nie. Deur 'n "dwarssnit in die lotgeval" van die mense van Excelsior en omgewing het die outeur die wel en wee van hierdie gemeenskap raak uitgebeeld.

Jare van storm en drang is die tema van die inleidingshoofstuk, 'n stukkie pioniersgeskiedenis wat die agtergrond — tot omstreeks 1870 — verskaf vir die uiteindelike vestiging van blankes in dié plattelandse kontrei. Die sprong in tyd tussen hierdie en die volgende hoofstuk oor dorpstigting in 1910 is egter hinderlik groot en kan verwarring by die leser skep. Ander sake wat in afsonderlike hoofstukke aan die orde kom, is die ontstaan en groei van die Nederduitse Gereformeerde gemeente (met 'n kort gedeelte oor die Metodiste Kerk — maar geen verwysing na sendingaktiwiteite nie!), onderwys, plaaslike bestuur en algemene dorpsontwikkeling, landbou en boerderybedrywighede, kultuurbedrywighede en sport. In 'n reeks bylaes aan die einde word naamlyste en dienstermyne van onder meer burgemeesters, leraars, skoolhoofde, landdroste en geneeshere verstrek.

Ofskoon die skrywer duidelik onder groot druk moes werk en hy sy pennevrug as "niks meer as 'n inleiding" tot 'n volledige geskiedenis van Excelsior bestempel nie, moet sy werk steeds as dié van 'n professionele historikus beoordeel word. 'n Ernstige beswaar is dan dat inligting uit sommige bronne ruimskoots gebruik word sonder om sodanige bronne in die literatuurlys op te neem. Verder skenk die outeur kwalik aandag aan ander bevolkingsgroepe behalwe die blankes. Benewens die plek wat aan swartes toegeken word uit hoofde van hul konfrontasie met die blanke baanbrekers, figureer hierdie mense byna nooit in die Excelsiorgeskiedenis nie. 'n Lastigheid is ook die aanduiding van historiese geldwaardes (ponde, sjielings en pennies) in moderne R-waardes — iets wat veral by die jonger garde tot foutiewe vertolkings of skewe voorstellings aanleiding kan gee.

'n Pluspunt is die keurige, lekker-op-die-tong-styl waarin die verhaal geklee word. Ongelukkig maak die samesteller hom soms skuldig aan 'n soort doelbewuste "mooiskrywery" en uitsprake wat aan die melodramatiese en selfs heldeverering grens (byvoorbeeld pp. 34-35, 38, 43-44, 49 en 89). Dit weerspieël 'n mate van subjektiwiteit en is werklik onnodig. Die boek is netjies uitgegee en goed versorg ondanks heelwat set-, spel- en taalfoute. Dit doen egter nie afbreuk aan die algemene gunstige indruk wat die ryklik en toepaslik geïllustreerde publikasie maak nie. 'n Liggingskaart van die dorp en omstreke sou nogtans die waarde van hierdie gedenkalbum verhoog.

Die negatiewe opmerkings ten spyt, kan prof. Van Rensburg se studie tog gereken word as van die verdienstelikste pogings om 'n gemeenskap se voorgeslagte vir hul bydrae te huldig en tegelyk 'n ryke verlede vir die nageslag te bewaar.

*C.C. ELOFF*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*